

TEKSVERBETERINGE VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL.

OU TESTAMENT (1)

Met hierdie artikel begin ons 'n reeks wat bedoel om verbeterings in die Afrikaanse Bybelvertaling aan die hand te doen. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans is 'n grootse en in baie opsigte besonder geslaagde werk. Maar soos aan alle mensewerk kleef ook aan hierdie groot prestasie gebreke. Hierop te wys en pogings te maak om dié soveel moontlik weg te neem, bedoel nie om enige afbreuk te doen aan die waardering en bewondering vir hierdie kostelike gawe aan die volk van Suid-Afrika nie. In ons artikels in die eerste jaargang van hierdie tydskrif het ons dikwels geleentheid gehad om op juiste en gelukkige vertalings die aandag te vestig; in komende artikels sal ons seker baie meer sulke geleenthede kry en benut. In hierdie reeks sal ons oor die goeie vertalings swyg, die na ons insig minder goeies aanstreep en probeer om te verbeter. Laat dit nie verkeerde indrukke skep, asof ons afbrekende kritiek sou wil gee nie. In die Talmud staan die spreekwoord: „As die oues afbreek, bou hulle; as die jonges bou, breek hulle af.” Ons sou graag by daardie „oues” gereken wil word, wat die kuns verstaan om as hulle skyn af te breek, inderdaad te bou. Ons sal ook nie afbreek sonder om boustene vir die heropbou aan te dra nie.

In elke artikel word die volgorde van die Bybelboeke soos ons hulle in die Afrikaanse Bybel vind, gevolg. Origens is daar geen vaste skema van behandeling nie en word die Bybeltekste of Skrifgedeeltes bespreek soos hulle ons by die bestudering van die oorspronklike teksvorm onder die aandag gekom het. Langer en korter besprekings sal mekaar afwissel; noodsaakliker en minder noodsaaklike verbeterings word vermeld, die eerste egter wel duidelik beklemtoon.

* * *

Ons begin met die Bybelplase wat in ons artikels in die vorige jaargang reeds terloops of uitvoeriger vermeld is.

Deuteronomium 32:22 „Want 'n vuur is aangesteek in my toorn en het gebrand tot in die doderyk daaronder.” Die beter vertaling is „tot in die onderste (of diepste) van die doderyk,” sien Jaarg. I, afl. 2, bl. 69.¹⁾

Job 21:13 „In voorspoed slyt hulle hul dae, en in 'n oomblik sink hulle in die doderyk af.” In plaas van „in 'n oomblik” moet hier vertaal word „in vrede,” „rustig,” „in rus en vrede”; sien Jaarg. I, afl. 3, bl. 117, n. 8. Die Hebreuse woord wat hier gebruik is beteken ge-

¹⁾ Vgl. ook ED. KÖNIG, Hebr. u. aram. Wörterbuch z.A.T., onder *tahti*: „beteken 'n saak in sy onderste dele, diepste”; en J. M. POWIS SMITH in *The Complete Bible, an American Translation*, Chicago University Press, 1940: “to the very depths of Sheol.” Statenvertaling: „tot in de onderste he!”

woonlik „oomblik,” maar dit moet hier afgelei word van 'n woordstam: wat „rustig wees” beteken en o.a. voorkom in Deut. 28:65, Ps. 35:20, Jes. 34:14, Jer. 31:2, 50:34. Job kla in die tekshoofstuk netsoos Asaf in Ps. 73 oor die voorspoed van die goddeloses. „In voorspoed slyt hulle hul dae.” By 'n voorspoedige lewe behoort 'n sterwe in rus en vrede, oud en versadigd van dae. 'n Plotselinge dood is die straf vir 'n goddelose lewe, vgl. Spr. 1:27, 3:25, 6:15, 10:25, 29:1; maar Job se ervaring weerspreek hierdie gebruiklike stel'ing van die wyses en spreukedigtters, wat ook die standpunt van sy vriende vertolk (vgl. Elihu in H. 34:20) en vir die digter van Ps. 73 die raaisel van die voorspoed van die goddeloses draaglik maak (vs. 16-20, veral vs. 19). Die hele teksverband van die eerste gedeelte van H. 21 verset hom teen die vertaling „in 'n oomblik,” dit is hier beslis fout.²⁾ In plaas van „sink” is dit dan verder beter om te vertaal „daal.” Die verbeterde vers lui dus: „In voorspoed slyt hulle hul dae, en in vrede daal hulle in die doderyk af.”

Job 31:12 „Ja, dit is 'n vuur wat tot by die plek van vertering toe vreet en al my opbringste sou ontwortel.” Dit is 'n vers uit Job se „reinigingseed” waarin hy hom onskuldig verklaar aan allerlei ernstige sondes; hier spesiaal aan die sonde teen die 10de gebod, die begeerte na die vrou van sy naaste. Deur hierdie onheilige vuur word die mens-slote heeltemal verteer, sie! en liggaam gaan daarmee te gronde, en die hele vermoë gaan daarmee heen. Dit is die bedoeling van die vers; dit is ook die treurige gevolge van hierdie sonde volgens menige plek in die Spreuke (vgl. bv. 5:10 v., 6:26). Hier is dus nie „die plek van vertering” bedoel, soos in Job 26:6, 28:22, Ps. 88:12, Spr. 15:11 en 27:20 nie, maar dieselfde Hebreeuse woord *abaddôn* in sy oorspronklike, letterlike sin: „die vertering,” die totale ondergang (sien Jaarg. I, afl. 3, bl. 119 n. 15).

In *Psalms* 86:13b „U het my siel uit die doderyk daaronder gered” en *Psalms* 88:7 „U het my gesit in die kuil daaronder” moet, soos hierbo by Deut. 32:22 vermeld, liever vertaal word „uit die onderste (of diepste) van die doderyk” en „in die onderste (of diepste) van die kuil.”

Jesaja 35:1 „Die woestyn en die dorland sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n herfslelie” (sien Jaarg. I, afl. 2, bl. 50, n. 4). Dit gaan hier om die vertaling van die plantenaam *chabassêlet*³⁾ wat die laaste woord van die vers vorm. Hierby moet ons *Hooglied* 2:1 tegelyk behandel, die enigste ander teks in die Ou Testament waar dieselfde naam voorkom en waar die bruid van haar-

²⁾ Vgl. W. GESENIUS - F. BUHL, Hebr. u. aram. Handwörterbuch z A.T., onder II *regac*: „die gewone vertaling „in 'n oomblik’ sou volgens 34:20 en Ps 73:19 'n valse sin gee.” KÖNIG is dit hiermee eens.

³⁾ Die *ch* bedoel hier die Hebreeuse *chêf* (uitspraak 'n skerp, stemlose *g*, nie *sj* nie!) die *s* is die Hebreeuse *sādê* (minder juis *tsādê* genoem).

self sê: „Ek is 'n *chabassèlet* van Saron.” waar die Afrikaanse vertaling „herfsroos” (dus anders as in Jes. 35:1) vertaal. Die beeldspraak „herfsroos” klink nogal vreemd vir 'n jonge bruid, en die juigende toon in Jes. 35:1 word gedemp deur die herfsklank in „herfslelie.” Dit sal in albei tekste maar moeilik gaan om die botanies juiste naam te gebruik. G. DALMAN meen dat die plant waarskynlik die „seeui” is,⁴⁾ maar niemand sal seker voorstel om dié woord in die mond van die bruid te lê nie! Die Leidse Vertaling vertaal in Jes. 5 „pluimgras,” maar waag dit tog nie om die bruid te laat sê: „Ek is 'n pluimgras” nie. Die vertalings „herfslelie” en „herfsroos” bedoel waarskynlik die plant wat in Duits „Zeitlose,” in Nederlands „Tydeloos” en omdat hy in die herfs bloei „Herfsttyloos” genoem word; maar mens kan die bruid haarself ook nie „tydloos” laat verklaar nie. Ongetwyfeld is in Jes. 35 'n voorjaarsblom bedoel wat by die eerste reëns in ryk hoeveelheid die vlaktes bedek. Die bruid bedoel ongetwyfeld ook om haarself met 'n wel aantreklike maar beskeie blom te vergelyk. Daarom lyk my die vertaling „veldblom” soos in my Hoogliedverklaring voorgestel. of „voorjaarsblom” „lentebloom” (in Jes. 35 kan die meervoud geneem word) bo alle andere die voorkeur te verdien.⁵⁾

Amos 3:9 „Roep dit uit in die paleise van Asdod en in die paleise van Egipteland en sê: Versamel julle op die berge van Samaria, en aanskou die groot beroering in die stad en die verdrukking daarbinne.” Die vertaling „in die paleise” is deur die Hebreeus nie geregverdig nie; die betrokke voorsetsel beteken: „op, oor, bo” somtyds ook „teen” en word ook wel verwissel met die voorsetsel „tot, na, na... toe”; die gebruik in die uitdrukking „my siel in my” Ps. 42:6, 7, 131:2, Jer. 8:18 is oordragtelik en kan uit die betekenis „by” verklaar word en waarskynlik beter so vertaal word. Hier in Amos 3:9 waar van geen oordragtelike betekenis sprake is nie, moet die gangbare sin „oor” of „bo” behou word. Die gedagte is dat die Israëliete oor die paleise van Asdod (miskien is die oorspronklike lesing: Assur) en van Egipte 'n oproep moet laat hoor, amper so iets as 'n omroep deur die eter. Die profete maak dikwels gebruik van wat in Duits genoem word „Fernsprüche,” berigte, aankondiginge, oproepe na ver geleë volke of per-

4) sien G. DALMAN, Arbeit u. Sitte in Palästina, Bd. I, 1928, bl. 96-98; die Latynse naam is *Urginea maritima* L. In Bd. I 2 bl. 361 v. voel Dalman meer vir die affodil. IMM. LÖW, Die Flora der Juden, Bd. II, 1928, bl. 156-160 en Bd. IV, bl. 29 v. verdedig die opvatting dat dit die „herfstyloos,” die *Colchium autumnale* (ditsy die *C. Decaisnii* Boissier of die *C. Steveni* Kunth) is.

5) Later sien ek dat ook die ou Griekse en Latynse vertalings, die Septuaginta en Vulgata, reeds die algemene uitdrukking „blom van die veld” gebruik; so ook MOFFAT: “I am only a blossom of the plain.” Al die blomme wat as vertaling voorgestel word is „voorjaarsblomme” insover dat hulle na die somerdroogte die eerste boodskappers is van die nuwe lewe in die natuur kort voor of tegelyk met die vroegste reëns.

sone.⁶⁾ My voorstel (Jaarg. I, afl. 1, bl. 12, n. 6) om in plaas van „beroering” te vertaal „wantoestande” is meer ’n verduideliking as ’n letterlike weergawe van die Hebr. woord, wat hier parallel met „verdrukking,” „afpersinge” staan.⁷⁾

Amos 6:13 „Julle wat bly is oor ’n nietige ding, wat sê: Het ons nie deur ons eie krag horings gekry nie?” Soos in Jaarg. I, afl. 1, bl. 19, n. 22 aangetoon is, lê in die uitdrukking „’n nietige ding” waarskynlik ’n verwysing na die pleknaam Lodebar en in „horings” na die plek Karnaim. Die enigste manier om die verwysings in ’n vertaling tot hulle reg te laat kom, is om sowel die plekname as die woordspel daarmee in die teks weer te gee, sodat dit sou lui: „Julle wat bly is oor Lodebar. ’n nietige ding, wat sê: Het ons nie deur ons eie krag Karnaim horings, gekry nie?” Die woorde „’n nietige ding” en „horings” sou ook tussen hakies geplaas kan word.

Amos 7:14 „Toe het Amos geantwoord en vir Amásia gesê: Ek was geen profeet en ook geen profeteseun nie; maar ek was ’n vee-wagter en kweker van wildevebome.” Soos in Jaarg. I, afl. 1, bl. 11 en veral uitvoerig in afl. 2, bl. 51-56 uiteengesit, is „veewagter” hier wel ’n te geringskattende, amper vernederende vertaling wat beter deur „veeboer” vervang word, en „kweker van wildevebome” gee nie die regte indruk van Amos se bykomende bedryf nie; al klink dit wat vreemd om te vertaal „kerwer (of kwetser) van moerbyvebome,” dit wek juis daardeur die belangstelling en weetgierigheid en gee presies weer wat Amos se tweede besigheid was.

Amos 9:7 „Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel!” In Jaarg. I, nr. 1, bl. 14, n. 13 is opgemerk dat die vertaling Moreland of Ethiópië verkies word; hierdie twee uitdrukkinge laat immers direk vir ons die gedagte aan mense van donker huidkleur opkom, wat deur die woord opgewek moet word, sien Jer. 13:23 „Kan ’n Kusiet sy vel verander of ’n luiperd sy plekke?” Teen die vertaling „Moreland” en „Moor” kan ingebring word dat dit eintlik die Arabiese bewoners van Noord Wes Afrika en Suid Oos Spanje bedoel. Voor Ethiópië pleit dat ons dan dieselfde woord gebruik as in Handeling 8:27, die geskiedenis van „’n man van Ethiópië, ’n hof-dienaar, ’n staatsamptenaar van Kandacé, die Koningin van die Ethiópiërs, wat oor al haar skatte was en na Jerusalem gekom het om te aanbid.” Dit is ook die vertaling wat die Septuaginta in die meeste gevalle volg en ooreenkomstig die klassieke spraakgebruik.

* * *

⁶⁾ Sien bv. Jes. 40:9, 52:1 vv., Jer. 25:15 vv., 27 vv., Eseg. 26:2 v., 28:2, 20, 29:2, 31:2, 32:2, Sef. 2:5, 12, Nah. 1:11, 2:13, 3:5, 8, 18, Hab. 2:10, 16.

⁷⁾ Andere vertaal die woord hier met: geraas, gewoel, verwarring, onrus, „disorder.” „confusion”; die Leidse Vertaling: „baldadigheid.”

Na hierdie versameling van teksverbeteringe reeds in die eerste jaargang van hierdie tydskrif vermeld, begin ons die reeks nuwe gevelle.

In *Exodus* 1:8 lees ons in die Afrikaanse Bybelvertaling: „Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie.” PROF. ENGELBRECHT het my opmerkzaam gemaak op die verskil met die Statevertaling: „Daarna stond een nieuwe koning op over Egipte, die Jozef niet gekend had,” en hoe onwaarskynlik dit sou wees dat 'n nuwe Farao „niks” van Josef sou geweet het nie. Inderdaad is daar groot besware teen die Afrikaanse weergawe van die laaste gedeelte van die vers. In die Hebreeus staan die woordjie „niks” nie, hoewel die Hebreeus meer as een uitdrukking het om die gedagte uit te druk. Daar staan eenvoudig „wat Josef nie geken het nie.” Vir hierdie ou vertaling pleit ook die betekenis van die Hebreerse woord „ken,” wat nie in die eerste plek en nie veral 'n ken met die verstand is nie, maar 'n ken met die hart; dit is veral die ken wat deur persoonlike omgang verkry word. Ons kan juis in Ex. 1:8 die „ken” so verstaan: „wat Josef nie persoonlik geken het nie.” Sowel die Septuaginta as die Leidse vertaling as die van PROF. OBBINK vertaal soos die Statevertaling. Hierby kom nog dat ons ook in die Nuwe Testament in die rede van Stefanus dieselfde weergawe van Ex. 1:8 vind, Hand. 7:18: „totdat daar 'n ander koning opgestaan het wat Josef nie geken het nie.” Ek weet nie waarom die Afrikaanse vertaler hier vertaal: „aan wie Josef nie bekend was nie”; dit staan daar letterlik nie. Die woorde in die Hebreeus van Ex. 1:8 en in die Grieks van Hand: 7:18 is heeltmaal dieselfde. Die tyd dat die kinders van Israel in Egipte was, word in die Ou Testament op vier geslagte gereken (Gen. 15:16.) In die geslagsregister Ex. 6:13 vv. is in die reeks Levi-Kehat-Amram-Moses, Moses die vierde geslag van Levi, die seun van Jakob, wat in Egipte ingetrek het. As in Gen. 50:23 vermeld word dat Josef kinders van die derde geslag van sy seun Efraim gesien het, dan is die tyd tussen Josef en Moses waarlik nie so lank gewees nie. As Josef werklik so'n belangrike rol in een van die rampspoedige periodes van Egiptiese hongersnood gespeel het als in die boek Genesis vertel word en dit tot onderkoning van Egipte gebring het, dan is dit baie onwaarskynlik dat so'n korte tyd na sy dood 'n nuwe Farao „niks” van hom sou geweet het nie. Meer as een naam van Semitiese persoonlikhede

⁸⁾ In Gen. 15:13 en Hand. 7:6 word vir geslag „honderd jaar” gereken, vgl. Ex. 12:40 v. vir die vier geslagte 430 jaar. Mag ons met PROF. BÖHL, Genesis. Tekst en Uitleg, 2de druk, 1930, bl. 135, hierdie „honderd jaar” opvat as 'n gangbare uitdrukking vir geslag, dus as 'n globale aanduiding van wat ook wel minder as presies honderd jare kan bedoel? BÖHL wil selfs drie geslagte op 100 jaar reken; hiermee sou ooreenstem dat volgens Gen. 50:22 v. Josef wat 110 jaar oud geword het, kinders van die derde geslag van sy seun Efraim gesien het.

wat as gunsteling en vertroueling van die Farao's van die Nuwe Ryk tot baie hoë posisies in die ryk opgeklim het, is in die Egiptiese inskripsies vir die vergetelheid bewaar. Dit lyk dus of die Farao's van die Nuwe Ryk hulle name in goeie herinnering wou gehou het. Is daar genoegsame rede om by Josef iets anders te veronderstel? Ek weet wel dat baie van die vertalinge en verklaringe uit ons tyd die teks Ex. 1:8 netsoos die Afrikaanse vertaling oorset, maar by baie van hulle sit agter hierdie vertaling twyfel aan die historisiteit van die voorstelling van Josef in die boek Genesis. Dit was seker nie die gevoel van die Afrikaanse Bybelvertalers nie, maar onbewus en onwillekeurig speel hulle so in die kaart van die „kritiese” beskouing.

In *Exodus* 32:1 vra die volk volgens die Afrikaanse vertaling vir Aäron: „Kom, maak vir ons gode wat voor ons uittrek.” In vs. 23 word na die woorde van die volk verwys. In vs. 4 en 8 word as woorde van Aäron na die vervaardiging van die stierbeeld vermeld: „Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland opgebring het.” Ons is deur die Statevertaling reeds so aan hierdie uitdrukking gewoon, dat ons die bevreemdende daarvan nie opmerk nie. Dit het my egter meermale verbaas dat op 'n beeld, een enkele beeld gewys sou word en dan gesê „dit is jou gode”; dit lê tog voor die hand dat gesê is: „dit is jou god.” Hoe meer mens oor die situasie nadink, hoe meer voor die hand liggend dit word. Die vertaling in die enkelvoud laat die hele situasie veel beter verstaan en dring veel dieper deur in die kwessie waarom dit hier gaan. Die begeerte wat by die volk deur die lang afwesigheid van Moses op die berg brandende word, is die begeerte na 'n sigbare god of 'altans 'n sigbare afbeelding en verteenwoordiging van God, sodat Hy 'n God van naby vir hulle sal wees, sodat hulle iets sal hê om hulle om te skaar. Dis nie die begeerte na meer gode, selfs nie na een god meer, naas die God wat hulle uit die slawehuis uitgelei het nie. Dis die sonde van die beelddiens, nie van die veelgodedom wat die volk lok en waartoe hulle verval. Dit was ook 'n veel ernstiger en fyner verleiding vir hulle, nie alleen in daardie dae van die woestyntyd nie, maar in die hele verloop van hulle geskiedenis tot aan die ballingskap toe. Dit is 'n verleiding waarteen selfs 'n groot deel van die Christelike kerk nie bestand geblyk het nie, waarvan elke Roomse kerk en kapel en woning sovele blyke gee. Omdat hierdie verleiding so groot en so verfynd is, is seker die bewoordinge van die tweede van die Tien Gebooe soveel uitvoeriger as dié van die eerste gebod. Die hele geskiedenis van die volk Israel tot aan die vernietiging van sy onafhankelikeid deur die ballingskap dra die stempel van hierdie stryd om die nakoming van die tweede gebod. Die volk het homself altyd weer wys gemaak dat hulle nie ontrou aan die God van Moses was nie; dat hulle in die stierbeeld daardie eienste God aanbid en dien,

dat ook onder die Baäl-naam en in die vorme van die Baälsdiens geen ander bedoel en vereer word nie as hulle God van Egipteland af. Dit was die swaarste van die stryd van die profete in Israel; hulle moes die waan van hulle volk dat hulle nie soos die ander volke veelgodedienaars maar vrome, troue aanhangers van hulle „God van Egipteland af” was stukkend slaan voordat hulle die gewete van hulle volk kon bereik en tref.

Die vraag van die volk in die woestyn is dus nie „maak vir ons gode” nie, maar „Maak vir ons 'n god, wat voor ons uittrek.” En as Aäron, in hierdie opsig 'n egte „priester” wat tot die peil van die volk se voorstelling wees af te daal (geen „profeet” wat hulle tot die hoogtes van die eis van God wil opvoer nie), as Aäron die stierbeeld gemaak het, wys hy daarop met die woorde: „Dit is jou God, o Israel, wat jou uit Egipteland opgebring het.” Hy weet vir homself wel dat dit nie letterlik so is nie, dat dit maar 'n afbeelding is, 'n „lekeprentboek,” 'n hulp vir die minder geestelikesinde menigte om vir hulself beter houvas aan God te hê. Maar oorwegende besware teen so'n hulpmiddel het hy nie. Mens moet hom akkomodeer aan, hom „konformeer” met die behoeftes van die massa, veral as dit die vrome volk betref.

In die lyn van die verstandige „priester” Aäron gaan enige eeue later koning Jerobeam; by hom kom daar die politieke motief by, om die Tien Stamme los te maak van die kontak met Jerusalem. Maar hoe pragtig kan hy hier aansluit aan die tradisie. So laat hy aan die Suidergrens en aan die Noordergrens van sy ryk — wat hy natuurlik as die regte voortsetting van „Israel” beskou — in Betel en in Dan 'n stierbeeld oprig, en as goeie leerling van Aäron, as egte priester vors van sy volk roep hy sy volksgenote na die twee heiligdomme en wys by die plegtige ingebruikneming daarvan as die toekomstige lands- of rykshiligdomme op die stierbeeld met die woorde: „Hier is, o Israel, jou God wat jou uit Egipteland opgebring het!” (1 Kon. 12:28). „Jou God, o Israel,” nie 'n vreemde god nie, nie ander gode nie, nee, die beeld bedoel julle gedagtes te versamel om die God van die vaders, die God van julle geskiedenis, Jehova van die Sinai, julle Leier deur die woestyn na hierdie land wat Hy aan julle beloof en laat erf het! ⁹⁾

As dit dan die regte vertaling is, waarom vertaal die meeste oors setters die meervoud „gode”? Omdat dit 'n tradisie is, wat sedert die Septuaginta gevolg is en deur hierdie ou Griekse vertaling in Hand.

⁹⁾ In die woorde: „Uit Egipteland opgebring het” lê seker ook 'n bewuste aanknoping aan 'n uitdrukking soos in die aanhef van die Tien Gebooe: „Ek is die HERE, jou God wat jou uit Egipteland uitgelei het,” Ex. 20:2, Deut. 5:6. Dikwels word 'n dergelike uitdrukking vir God gebruik, vgl. Ex. 6:6 v., 12:51, 13:3, 16:32 e.e.; dieselfde werkwoord as in Ex. 32:4, en 1 Kon. 12:28 word gebruik in Gen. 50:24, Ri. 6:13, 1 Sam. 8:8 e.e. In al hierdie tekste is die ene God van Israel bedoel.

7:40 gekom het. En hoe kom die Griekse vertaling aan die meervoud? Die Hebreeuse woord vir God het 'n meervoudige vorm; die meervoudige vorm dui egter nie 'n getalsmeervoud, 'n numerieke meervoud aan nie, maar die wydheid en hoogheid en uitmuntendheid van die Goddelike Wese, so iets as wat vir ons in die woord „Godheid” gehoor word. Gewoonlik word hierdie meervoudige woord vir God met die enkelvoud van die werkwoord of van die byvoeglike naamwoord verbind. Maar in die behandelde tekste Ex. 2: 1, 4, 8, 32, I Kon. 12:28 staan die werkwoord in die meervoud. Dit is seker 'n tweede rede gewees vir die vertaling „gode.” Egter is dit nie 'n afdoende grond nie. Want ook in tekste, waar sonder twyfel die ene, ware God bedoel word en so ook algemeen vertaal word, word wel die meervoud van die werkwoord gebruik, nl. Gen. 20:13, 31:53, II Sam. 7:23, Psalm 58:12, of ook die meervoud van die byvoeglike naamwoord, soos in Jos. 24:19, Deut. 5:23, I Sam. 17:26, 36, Jer. 10:10, 23:36. Dit is maar 'n kwessie van minder of meer let op die gedagte of op die grammatikale vorm van die gebruikte woord. So lê dus in die meervoudsvorm van die werkwoord in Ex. 32 geen verandering om die voor die hand liggende en soveel fyner vertaling te verkies, wat die hele situasie sowel in Ex. 32 as in I Kon. 12 soveel lewendiger en met veel beter begrip weergee: „Maak vir ons 'n god, wat voor ons aangesig uittrek!” Ek sou ook daarvoor voel om met die Statevertaling die vol uitdrukking „voor ons aangesig” te behou; die Afrikaanse vertaling „voor” sonder meer is hier te swak. Die volk wil 'n sigbare god, hulle wil hom sien, hulle wil hom voor hulle oë, voor hulle aangesig hê. Die nadruk val nie soseer op die werkwoord „uit trek” nie (in die Hebreeus staan trouens die gewone werkwoord „gaan”), maar op die bywoordelike bepaling „voor ons aangesig.” Tenslotte is dus ook die Statevertaling se „gaan” wel te verkies bo die Afrikaanse „uit trek,” wat blykbaar onder invloed van die Griekse vertaling en Hand. 7:40 gebruik is. Die voorgestelde beter teks is dus in vs. 1 en 23: „Maak vir ons 'n god wat voor ons aangesig gaan” en in vs. 4 en 8: „Dit is jou God, o Israel, wat jou uit Egipteland opgebring het.” Wie die pragtige afbeeldings van stiere op Babilonies-Assiriese en Egiptiese tempel- en paleismure hom voor die gees roep, kan verstaan watter beroep die kragtige jong stierfiguur op die voorstelling en gevoelens van die volk gemaak het as simbool en verteenwoordiging van hulle goddelike leier, beskermer en voorvegter op hulle trek na die land van belofte en op hulle pad deur die wêreld toe hulle eenmaal in die land gevestig was. Daar het profetiese gees en profetiese persoonlikhede soos Moses en later Godsmanne nodig gewees om hierdie aantreklike nasionale simbool nie alleen stoffelik soos in die woestyn nie, maar in die harte van hulle volk te verbrysel.

B. GEMSER,

In 1 *Koninge* 19:3a staan: „Toe hy dit sien, het hy hom klaar-gemaak en terwille van sy lewe weggegaan.” Die Hebreuse teks lui: *wajjar wajjākom wajjēlek 'el nafsjō*.

Sou dit nie beter wees om saam met party Hebreuse handskrifte en die tekste van die Septuaginta¹⁰⁾ die Siriese en ander ou vertalings i.p.v. *wajjar* te lees: *wajjirā?* Dan lui die vertaalde teks: „Toe het hy gevrees en opgestaan en terwille van sy lewe weggegaan.” Alleen die vokale wat later bygeset is word verander; die medeklinkers, die ou teksvorm bly presies dieselfde.

Die gedagte van „vrees” pas beter in die hele samehang.¹¹⁾ 'n Mens „sien” nie 'n dreigement nie; jy verneem of hoor dit. En 'n dreigement, veral van 'n Isébel met haar koninginmag, wat Nabot kon dood om sy erfdeel te besit, sou 'n mens bevrees maak. Elia weet dat sy die mag besit om hom dood te maak, om haar dreigement uit te voer; daarom vrees hy, en omdat hy vrees, vlug hy. M.i. sou die voorgestelde lesing baie beter die sieletoestand van Elia weergee. Die hele volgende geskiedenis wys daarop dat Elia, na die oorwinning op Karmel, tot 'n geestelike insinking gekom het. Die vrees vir Isébel se dreigement was die oorsaak van sy insinking.

G. J. J. ROOS.

BIOGRAFIEË VAN SEWENTIENDE EN AGTIENDE EEUSE SUID-AFRIKAANSE PREDIKANTE.

Die ou Hollanders het in die sewentiende en agtiende eeu verbasend veel gedoen vir die uitbreiding van die christendom. Waar met die oprigting van die Oos-Indiese sowel die Wes-Indiese Kompanjie handelsbelange en dus stoflike welvaart beoog is, daar het die Kerk van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die Evangelie op verskillende dele van die aardbodem te verkondig. Die hulp wat sommige amptenare, kompanjiesdienare soos hulle genoem is, verleen het, mag miskien nie altyd op suiwer godsdienstige grondslae gerus het nie, maar een ding is seker: die motiewe van die Kerk in Nederland was suiwer.

Dit spreek vanself dat daar in die begin nie voldoende predikante gevind kon word om hierdie groot werk in wêrelddele buite Europa te doen nie. In Holland self was daar nog 'n groot tekort. Dit is dan ook daarom dat reeds in 1603 die toevlug tot sieketroosters geneem is. Prof. dr. L. Knappert teken hulle as volg: „Gerecruteerd uit schoen-

¹⁰⁾ *ephobêthê* „Hy het gevrees (Regn. III 19:3).

¹¹⁾ So vertaal dan ook die Leidse vertaling en PROF. OBBINK, MOFFAT en die Amerikaanse „Complete Bible”; sien ook DR. C. VAN GELDEREN, *Koningen*, bl. 204. Serie Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kok. Kampen.